

Vrydag 16 Junie

Skrifgedeelte: Jakobus 2:14-26

Fokusgedeelte: Jakobus 2:26; HK Sondag 24, Vraag 64

Die noodsaaklikheid van goeie werke

Die feit dat die mens nie met sy goeie werke sy saligheid kan verdien nie, beteken nie dat ons goeie werke geen betekenis het nie. Ongelukkig was daar deur die eeue heen herhaaldelik mense wat gedink het dat die onverdiens-telikheid van goeie werke nou alle goeie werke oorbodig maak. Dit is die mense wat in hulle sonde wil bly lewe sodat God se genade oor hulle nog meer en nog groter kan word (Rom. 6:1). Ons Kategismus noem hulle heelte-mal tereg onverskillige en roekelose mense.

Hierdie siening word in die Skrif en spesifiek deur Paulus en Jakobus met beslistheid verwerp. Paulus sê wel dat ons uit genade gered word deur die geloof en nie uit die werke nie (Ef. 2:8, 9), maar dan voeg hy dadelik daaraan toe dat Christus ons geskep het “om ons lewe te wy aan goeie dade” (Ef. 2:10). Wat Jakobus betref, wil dit wel voorkom of hy die redding deur die geloof geringskat, maar dit is nie werklik die geval nie. Wat hy wil sê, is dat as die redding deur die geloof is, dit nie ’n dooie geloof moet wees nie, maar ’n lewende, werkende geloof wat in dade tot openbaring kom. Hy stel dit baie duidelik: “’n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood” (Jak. 2:26).

Dit is dus nie die suiwere leer oor goeie werke wat mense onverskillig en roekeloos maak nie, maar die verdraaiing van hierdie waarheid.

Die beeld wat aan die antwoord van die Kategismus ten grondslag lê, is die van ’n boom wat vrugte dra – ’n beeld wat dikwels in die Skrif met die oog op die gelowige gebruik word. Psalm 1 sê byvoorbeeld dat die regverdige soos ’n boom is wat by waterstrome geplant is en sy vrugte op sy tyd gee. Die ware gelowige is soos ’n boom wat uit sy ou, onvrugbare natuurgrond oorgeplant is in die nuwe, vrugbare grond, Jesus Christus. Dit is ’n genadedaad van God. Nou is dit tog vanselfsprekend dat so ’n boom wat in vrugbare grond by waterstrome geplant is, vrugte sal voortbring. Die gelowige wat deur Christus as lewensbron gevoed word met die gawes van sy Woord en Gees, bring ook spontaan vrugte van dankbaarheid voort.

Christus stel dit baie duidelik: “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte” (Joh. 15:5). So is my goeie werke nie die rede of oorsaak waarom God my die saligheid moet skenk nie, maar die bewys dat ek die saligheid deur die geloof in Christus *reeds besit*.